www.xtrapapers.com

CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education
Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2003

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write in dark blue or black pen on both sides of the paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** the questions in **Afrikaans**.
Dictionaries are not permitted.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy 'n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen op die voorkant en agterkant van jou papier.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Woordeboeke word nie toegelaat nie.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

SP (SM) S44198/4
© UCLES 2003
University of Cambridge
Local Examinations Syndicate

www.xtrapapers.com



**Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.**

# Maak IT jou toekoms.

Jy's jonk en slaggereed om die kuberruim te oorwin. Dan is 'n loopbaan in inligtingstegnologie dalk nie 'n slegte idee nie. Dis die nuwe, opwindende wêreld van die toekoms – en dit behoort al hoe meer aan jong mense.

Wat kan jy in dié opwindende wêreld te wagte wees?

IT is eenvoudig die bestuur, verwerking en verspreiding van inligting deur rekenaars, hetsy 'n databank van persoonlike rekords of 'n webblad op die Internet. Elektroniese klank- en videomateriaal is ook deel van IT.

Stefanie Hefer voorspel die volgende neigings:

IT is vry van geslagsdiskriminasie en gaan in die toekoms al hoe meer deel van ons alledaagse lewe word. Dit beteken meer werksgeleenthede vir mans en vroue.

Vroue begin hulself reeds as bekwame IT-verbruikers bewys. Hulle gryp die gerief daarvan aan in enige situasie, van huishoudelike bestuur tot maatskappy-bestuur.

Die ganse wêreldekonomie gaan na die Internet swaai. Werkgeleenthede soos maatskaplike werk, sakebestuur, bemarking, aanlyn-verkope en administratiewe dienste gaan al hoe meer veld wen in IT.

Daar is 'n groeiende behoefte aan multitoegeruste mense, veral dié met sake-sin. Dit sluit in: rekenaarsgesteunde grafiese ontwerp en animasie, programering, databasis-ontwikkeling, klank-ingenieurs, Internet-radio-omroepers, joernaliste en sake-ontwikkelaars.

Melissa Collier meen IT gaan 'n "nuwe geslag" oplewer. "Doeners" sal "denkers" word en die virtuele tuiskantoor sal vroue al hoe meer tegemoet kom en jou tyd bespaar.

Karen sê ook die Internet skep ideale geleenthede vir entrepreneurs. "Jy kan jou eie diens/produk ontwikkel en die Internet gebruik om dit wêreldwyd te versprei."

Studente wend hulle tot die Internet as hulle hulp soek met hul take. Baksteen-biblioteke kan nie kers vashou by die reuse digitale biblioteke op die Internet nie. Afrikaanse kurrikulum–gegronde hulp is skraps of nie vrylik beskikbaar nie. Soekenjins lewer reuse-hoeveelhede irrelevante skakels. Hierdie reuse inligtingsbanke is toenemend besig om toegangsgeld te vra. Die dae van gratis navorsingsteun begin uitloop. 'n Hoogs indrukwekkende webwerf soos Encyclopedia Brittanica kos jou tussen vyf en tien Britse pond per maand. Soek jy navorsingshulp in Afrikaans, is jou opsies nog verder beperk – en natuurlik ook teen 'n prys.

'n Ander Suid-Afrikaanse webwerf wat op die bedryf van kleinsakeondernemings en verkope gerig is, is M-Web. As jy probleme het om in te kom sal dit wees omdat die webwerf en sy inhoud binne die M-Web-muur val en dus uitsluitlik vir intekenaars is.

www.xtrapapers.com



1 Gee ‘n kort definisie in **Afrikaans** vir die volgende woorde:

**Voorbeeld:**
Uitgeput: Jy is baie moeg.

**(a)** Loopbaan. [1]

**(b)** Voorspel. [1]

**(c)** Oorgehaal. [1]

**(d)** ‘n Behoefte. [1]

**(e)** Tegemoet kom. [1]

[Totaal: 5 punte]

2 Verduidelik die volgende sinne **in jou eie woorde**. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

**Voorbeeld:**
Vraag: Moenie tou opgooi as dinge moeilik raak nie. (Jy …)
Antwoord: Jy moenie moed verloor as jy ’n probleem ondervind nie.

**(a)** Hulle gryp die gerief daarvan aan. (Vrouens …) [1]

**(b)** Werkgeleenthede gaan al hoe meer veld wen. (Werkgeleenthede gaan …) [1]

**(c)** Daar is al hoe meer aanvraag aan multitoegeruste mense. (Mense …) [1].

**(d)** Baksteen-biblioteke kan nie kers vashou nie. (Biblioteke …) [1]

**(e)** Hulp is skraps of nie beskikbaar nie. (Daar is …) [1]

[Totaal: 5 punte]

www.xtrapapers.com



3 Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans.** Bepaal jou by die teks, maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20)*

**(a)** Watter **vier** neigings word volgens die artikel voorspel? [4]

**(b)** Hoe baat verbruikers by die diens? [4]

**(c)** Hoe sal die Internet entrepreneurs help? [3]

**(d)** Is dit maklik vir studente om inligting te vind? [3]

**(e)** Hoekom sal dit ‘n verbruiker baat om in te teken op die M-Web? [1]

[Totaal: 20 punte]

www.xtrapapers.com



**Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.**

# Kuber koop

Het jy al die e-koop gedoen? Dis die moeder van alle markte. Die plek waar jy met net 'n kliek nog lekkerder as in die beste supermark soek en snuffel, kyk en kies.

Jy kan dit doen net wanneer dit jou pas, selfs drie-uur in die nag. Sonder parkeerprobleme of toustanery.

Mark Shuttleworth wat 'n Internet-sekerheidsmaatskappy aan 'n Amerikaanse maatskappy verkoop het, sê verbruikers word goed teen Netbedrog beskerm deur streng bankregulasies en veiligheidstegnologie.

"As iemand jou kaartnommer op die Net misbruik, moet jy dadelik die transaksie by jou bank betwis. Hy betaal dan nie jou geld aan die e-handelaar oor nie. In daardie stadium het die handelaar geen verweer nie omdat jy nie 'n kredietkaartstrokie geteken het nie. Hy dra dus die risiko, nie jy nie. Jy moet vasstel of die webwerf aan sekuriteitsdoeleindes voldoen. Kyk of jy een van die twee tekentjies, 'n slot of 'n sleutel, sien op die webblad waar jy jou bestelling plaas."

Die Internet bestaan uit die volgende:

Die wêreldwye web. Dit word gebruik om met behulp van die Internet inligting te kry of bekend te maak.

E-pos vir elektroniese boodskappe. Dis die vinnigste manier om 'n boodskap, lang brief, dokument en selfs foto's of elektroniese groetekaarte tot by die verste uithoek van die aarde te kry. Moenie jou e-posadres vir elke Jan Rap en sy maat gee nie – as jy jou oë uitvee, kry jy hope gemorspos of 'n virus.

Kletskamers is elektroniese kennisgewingsborde waar mense met mekaar kommunikeer. Boodskappe word soos met e-pos getik en na die kennisgewingsbord gepos.

Inligting word verkry deur 'n inligtingsboom of soekenjin te gebruik.

Besoek die webruimtes vir die jongste nuusgebeure, as jy werk soek, of vir kaartjiebesprekings, selfs vir rekenaarsprobleme en –inligting.

Vakansiebeplannings en –besprekings word gedoen op die Internet.

Vroueaangeleenthede soos mode,skoonheid, binneversiering en gesondheid word hier bespreek asook die betaling van rekeninge en inkopies word hier gedoen.

Jy kan nou 'n webjappie word en jou inkopielys in jou yskasdeur inskandeer en elektronies na jou supermark stuur – wat dit voor jou deur sal kom aflewer.

Daar is ook 'n doen-dit-jouself-blad. Dit leer jou hoe om byvoorbeeld 'n muurprop reg te maak. Die visuele sy word afgeskeep, maar die inligting bly nuttig.

'n Vrou het raad gevra nadat sy vier maande gelede vir 'n produk betaal het op 'n winkel se webruimte en die produk is nog nie afgelewer nie. Reinhardt Buys, Internet-regskenner sê dat sy 'n aanmaningsbrief aan die winkel moet rig en as sy geen antwoord daarop ontvang nie, moet sy voortgaan en 'n dagvaarding laat uitreik. Die nuus is dat 'n nuwe wetsontwerp vroeg vanjaar deur die parlement goedgekeur gaan word wat aanlyn-winkels verplig om binne dertig dae na aankope die goedere te lewer.

www.xtrapapers.com



**4** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans** en in jou eie woorde.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik dus 15 + 5 = 20)*

**(a)** Watter voordele het e-koop bo gewone inkopies? [3]

**(b)** Noem twee redes waarom jy dadelik misbruik van jou kaartnommer by jou bank moet aanmeld. [2]

**(c)** Noem die dele waaruit die Internet saamgestel is. [3]

**(d)** Wat is die funksie van die web? [2]

**(e)** Hoekom is e-pos so 'n doeltreffende diens? [2]

**(f)** Hoe werk die elektroniese kennisgewingsbord? [2]

**(g)** Wat het die regering gedoen om te verseker dat goedere wel betyds afgelewer word? [1]

[Totaal: 20 punte]

**5** Beantwoord die vrae in **Afrikaans**. Skryf ongeveer 140 woorde.

**(a)** Volgens jou en met verwysing na beide artikels, watter probleme en gevare kan opduik met die Internetgebruik en hoe kan mens daarteen waak? [10]

**(b)** Hoe kan vrouens en studente met verwysing na die twee artikels die Internet gebruik om hul lewens te vergemaklik? [5]

[Taalgebruik: 5]
[Totaal: 20 punte]

www.xtrapapers.com


**BLANK PAGE**

www.xtrapapers.com



BLANK PAGE